Verslag oor Spesiale Algemene Vergaderings 31 Mei 2008

Bron: Webredakteur
Datum: 3 Junie 2008

Niemand sal stry dat ‘n Grondwet noodsaaklik is vir die handhawing van ‘ goeie orde’ in ‘n lede-organisasie nie. Dit kan egter ook frustrerend beperkend wees wanneer mense baie werk gedoen het en gretig is om vooruit te beweeg.

Dít is die Redakteur se gevolgtrekking na die SABT se Spesiale Algemene Vergaderings wat op Saterdag 31 Mei gehou is. Hierdie vergaderings het voortgespruit uit die kansellasie van die Algemene Jaarvergadering in Februarie en die daaropvolgende bedanking van omtrent die helfte van die SABT-Raad.

Die ‘bittereinders’ en nuwe Raadslede (wat ingevolge die Grondwet aangewys is) het gesorg dat die SABT se werksaamhede normaal voortgaan. Ten spyte van voorspellings deur kritici, het die Vereniging vinnig momentum opgetel en die laaste drie maande ‘n groei in lidmaatskap en registrasies van honde ondervind.

As ‘n lid was ek beïndruk met die beter kommunikasies van die Vereniging en het ek baie na die Spesiale Algemene Vergaderings uitgesien, waar ek dieselfde neiging tot aksie verwag het. Dit was egter nie die geval nie en lede – nie die Raad nie – het prosesse vertraag.

Om maar een kwessie te noem: Die voorgestelde grondwetlike veranderinge is na die Raad terugverwys en moet nou weer in Februarie volgende jaar aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê word. In terugskou, was dit seker vir die beste. Dit lyk asof die Raad, met ses nuwe lede, besig is om goeie werk te doen. Dit sou minstens twee maande geneem het om afstandverkiesings af te handel en heelwat geld en tyd in beslag geneem het. Wat die SABT nou nodig het, is kontinuïteit en stabiliteit.

Hieronder is ‘n oorsig van die belangrikste besluite en besprekings:

Raadslede en verkiesings

Die voorgestelde grondwetlike veranderinge maak vir afstandverkiesing van Raadslede deur lede in hulle eie streke voorsiening. Die vergadering het die Raad versoek om die huidige afbakening van streke te heroorweeg ten einde die beste moontlike verteenwoordiging volgens die verspreiding van lede te verseker, bv. meer Raadslede in groot streke en konsolidasie van kleiner streke.

Die SABT sal voortaan ook nie meer lewenslange erelede verkies nie. Die vergadering het saamgestem dat die Vereniging daar is om die Boerboelras te dien en nie om individue te vereer nie.

Nageslagbeoordeling

Die Genetikakomitee is gretig om met nageslagbeoordeling te begin, maar besef dat so ‘n stelsel ‘n onbevange gemoed en die grootste moontlike deelname van telers en eienaars sal vra. Die doel van die projek is om inligting oor genetiese vermoëns in te samel ten einde die beste teelhonde te identifiseer. Die evaluasieproses sal temperamenttoetsing (vir dringende inwerkingstelling aanbeveel) insluit. Die prioriteite is tans hersiening van die Keurkaart en ontwikkeling van ‘n dataverwerkingsisteem. Belangstellendes kan Lukas van Vuuren, lukas@spitsvuurboerboele.co.za vir nadere besonderhede kontak..

Afsit van sterte

Daar is onduidelikheid oor die wetlike afdwingbaarheid van die verbod op die afsit van sterte in Suid-Afrika, soos aangekondig deur die SA Veterinêre Raad. KUSA is van mening dat dit ‘n kwessie van keuse moet wees en het regsadvies ingewin.

Helmut Redtenbacher, Voorsitter van die Dobermann Klub van Noord-Transvaal en lid van KUSA se subkomitee oor die afsit van sterte, het die regsgeldigheid betwis. ‘Na die beste van my wete was daar geen wetswysigings nie. Die SAVR gee voor dat die verbod ‘n gegewe is deur *moontlike* vervolging deur die DBV ingevolge die Dierebeskermingswet. Die ironie is dat die SAVR nie lede van die publiek kan vervolg nie en self erken het dat hulle veeartse slegs kan vervolg indien hulle in ‘n hof skuldig bevind is. Dit sal moeilik wees om te bewys dat ‘n hond ‘onmenslik of wreed’ behandel of ‘vermink’ is. Dit is ook onwaarskynlik dat iemand skuldig sal word vir ‘n prosedure wat al vir jare uitgevoer word’, het Reddenbacher gesê. Hy het Boerboeleienaars wat nadere besonderhede verlang genooi om hom te kontak by selnr.0836530837 of e-pos: redford@lantic.net.

Mikrovlokkies

Die Raad het besluit dat die aanbring van mikrovlokkies van 1 Januarie 2009 af net verpligtend sal wees vir Stoetregisterhonde en honde wat uitgevoer word. Die motivering vir hierdie besluit is dat mikrovlokkies hoogstens ‘n middel tot identifikasie is, maar nie noodwendig ‘n hond se afkoms bevestig nie. Lede het saamgestem dat die Raad meer betroubare alternatiewe behoort te ondersoek om positiewe identifikasie van honde en hulle afkoms te verseker.

Registrasie van honde van nie-lede

Lede kon nie ooreenkom of die SABT moet voortgaan om honde wat deur lede van ander Boerboelorganisasies geteel is te registreer nie. Van die teenargumente het gespruit uit kommer oor verskille in keuringstandaarde en die betroubaarheid van inligting. Na ‘n stemming, het die vergadering aanvaar dat die SABT enige Boerboel sal registreer, mits sy oorsprong geverifieër kan word en hy nie minder nie as 80% tydens keuring behaal. Die aangeleentheid sal ook by die volgende Algemene Jaarvergadering bespreek word.

Verhouding met ander organisasies

Die Raad het aanbeveel dat die SABT ‘n organisatoriese verhouding van samewerking en konsultasie – nie affiliasie nie –met KUSA handhaaf. Die motivering hiervoor is dat elke organisasie ‘n unieke rol vervul. KUSA is ‘n liggaam wat verskillende honderasse registreer. Die SABT se verklaarde rol is om die Boerboel te veredel en te bevorder en sy eie databasis te bedryf. Die SABT het egter geen beswaar dat individuele lede om redes van hulle eie by KUSA aansluit nie, bv. om hulle honde te skou en waar ander internasionale organisasies sodanige lidmaatskap vereis.

Lede was bly om te verneem dat die Rade van EBBASA (SA) en die SABT beplan om binnekort te ontmoet on toekomstige samewerking en moontlike affiliasie te bespreek. Hulle het die Raad herhaaldelik aangemoedig om elke moontlike poging aan te wend om die Boerboelgemeenskap in belang van die ras te verenig. Uittredende lewenslange erelid, Bert Gräbe, het die versoek ook in sy afskeidboodskap beklemtoon. Volgens Bert is die enigste kwessies wat ooit na die SABT gebring behoort te word, die belange van die Boerboel en nie persoonlike verskille nie.

Wêreld Boerboel Veiling en Skou

Hierdie geleenthede sal na die ses streekskoue plaasvind. Verskeie lede het voorgestel dat dit meer bekostigbaar en prakties sou wees om die Wêreld Veiling en Skou op een dag te hou. Daar is toe op Saterdag 25 Oktober ooreengekom en die byeenkomste sal by die Afridome in Parys in die Vrystaat gehou word. Verlede jaar se skoue is besonder goed ontvang en die Skoukomitee is reeds hard aan die werk om te verseker dat alles vlot verloop, bv, deur die hersiening van beoordelingskriteria en opleiding vir beoordelaars. Daar is ook baie belangstelling in die Veiling – die eerste na baie jare – waar die meeste kopers waarskynlik telers sal wees.

2008 SABT Raadslede

Lede wat graag meer inligting oor die vergadering of enige SABT-aangeleentheid wil hê is baie welkom om met die Voorsitter, Ondervoorsitter of hulle Raadslid in verbinding te tree:

Frans du Toit	Voorsitter	aduto@highveldmail.co.za
Anemarí Pretorius	Ondervoorsitter	anemari@cybersmart.co.za
Johan van Wyk	Afrika	graslandboerboel@mweb.co.za
Dolph Carstens	Europa	dolphcarstens@btinternet.com
Piet Visser	Gauteng	pietvisser@eject.co.za
Alan Pittam	KwaZulu-Natal	alan@tuffaboerboels.co.za
Brink Botha	Limpopo	brink@pop.co.za
Frans du Toit	Mpumalanga	aduto@highveldmail.co.za
Shirley Hagler	Noord-Amerika	office@sabt-usa.org
Frans van der Merwe	Noord-Kaap	fjvdm@hantam.co.za
Lood Mienie	Noordwes	cabaretboerboel@yahoo.com
Helgaardt Mostert	Oos-Kaap	la-bella@telkomsa.net
Pieter Janse van Rensburg	Vrystaat	Fax 053 444 2171
Aldu le Grange	Wes-Kaap	algrange@ct.stormnet.co.za